NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020

VERBRUIKERSTUDIES
NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 200 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop van korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning van detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiserings-vergadering, daar verskillende vertolkings mag wees van die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2020

AFDELING A VOEDSEL EN VOEDING EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

VRAAG 1 MEERKEUSEVRAE

1.1 A D E (enige volgorde)

1.2 B

1.3 B C E (enige volgorde)

1.4 D

VRAAG 2 PAS DIE KOLOMME

2.1 G

2.2 A

2.3 D

2.4 F

2.5 B

VRAAG 3

3.1 *Definieer die gesondheidstoestand* vetsug*.*

Vetsug is 'n abnormale opeenhoping van liggaamsvet relatief tot die persoon se lengte. Liggaamsmassa-indeks (LMI > 30)
Vetsug is 'n toestand van oormatige vet in so 'n mate dat dit 'n persoon se risiko vir siekte verhoog/'n skadelike uitwerking op 'n persoon se gesondheid het.
'n Persoon word as vetsugtig beskou indien sy/haar liggaamsgewig minstens 20% meer is as sy/haar ideale liggaamsgewig. Hierdie persoon se gewig is hoër as 'n standaardgewig gebaseer op lengte.
Energie inset is hoër as energie uitset.

3.2 *Verduidelik waarom tipe 2-diabetes dikwels met vetsug geassosieer word.*

Tipe 2-diabetes kom meer gereeld by vetsugtige mense voor aangesien oortollige vet liggaamselle insulienweerstandig raak en die pankreas nie meer genoeg insulien kan produseer om die weerstandigheid te oorkom nie. In plaas daarvan dat die glukose in die selle in beweeg en in energie verander, bou glukose in die bloedstroom op, wat die bloedglukose-/suikervlakke vinnig verhoog.

IEB Copyright © 2020

3.3 *Gee vier simptome van tipe 2-diabetes.*

- Oormatige/verhoogde honger/gewigstoename
- Oormatige dors/droë mond
- Gereelde urinering
- Uitputting/moegheid/swakheid
- Prikkelbaarheid
- Kopsere
- Swak sig/dowwe sig
- Stadige wondgenesing
- Gereelde infeksies
- Swak spysvertering
- Tinteling of gevoelloosheid in vingers en tone.
- Spru-/vaginale-infeksies
- Verlies van aptyt/onbeplande gewigsverlies
- Verminderde/swak bloedsirkulasie

3.4 *Identifiseer twee leefstylveranderings wat 'n persoon kan maak om tipe 2-diabetes te bestuur.*

- Oefen gereeld.
- Vermy spanning.
- Handhaaf 'n gesonde gewig.
- Hou op rook.
- Beperk/vermy alkohol.
- Volg 'n gesonde dieet soos deur 'n mediese kenner vir jou diabetes aangeraai is.
- Gereelde mediese ondersoeke.
- Monitor bloed glukose-/suikervlakke.
- Dra 'n mediese identifikasie armband.
- Gebruik voorgeskrewe diabetes medikasie.

VRAAG 4

4.1 *Identifiseer die volgende logo:*

Die Hartmerk

4.2 *Hierdie logo is voordelig vir mense wat aan sekere voedingverwante gesondheidstoestande ly. Noem twee van hierdie toestande.*

- Hoë bloedcholesterol
- Hoë bloeddruk/hipertensie
- Koronêre hartsiekte
- Beroerte
- Arteriosklerose
- Diabetes
- Hardlywigheid
- Obesiteit

IEB Copyright © 2020

4.3 *Verduidelik die gesondheidsrisiko's as voedsel wat hoog in cholesterol is, gereeld geëet word.*

Te veel cholesterol in die bloed verhoog die risiko van hartsiektes/ arteriosklerose. 'n Hoë cholesterolvlak in die bloed kan 'n opbou van vetterige plaak op die binnewande van die are veroorsaak, wat die bloedvloei deur die are belemmer.
As die hart nie genoeg suurstofryke bloed ontvang nie, verhoog die risiko vir 'n hartaanval.
'n Verlaagde bloedvloei na die brein kan ook 'n beroerte veroorsaak.
Plaak wat loskom en 'n iskemiese beroerte veroorsaak.

4.4 *Identifiseer en beskryf die twee soorte cholesterol.*

Laedigtheid-lipoproteïen cholesterol (LDL-C) is die "slegte" cholesterol wat opbou in die binnewande van die are en bekend staan as plaak; dit verhard en vernou die are in 'n proses bekend as arteriosklerose.

Hoëdigtheid-lipoproteïen cholesterol (HDL-C) is die "goeie" cholesterol wat oortollige cholesterol na die lewer vervoer waar dit afgebreek word om uitgeskei te word.

IEB Copyright © 2020

VRAAG 5

Onderskei tussen die eetversteurings anorexia nervosa *en* bulimia nervosa *deur die onderstaande tabel te voltooi:*

	Anorexia nervosa	**Bulimia nervosa**
Beskrywing **(4)**	'n Eetversteuring wat veroorsaak dat mense 'n obsessie het met hulle gewig en wat hulle eet. Anoreksie word gekenmerk deur 'n verwronge liggaamsbeeld met 'n onregverdigbare (obsessiewe) vrees vir gewigstoename. 'n Sielkundige toestand (emosionele kwessies) van vrywillige verhongering en uittering.	'n Ernstige eetversteuring gekenmerk deur vergryping, gevolg deur metodes om gewigstoename te voorkom. Dit beteken meestal braking (suiwering). Maar dit kan ook oormatige oefening of vas behels. 'n psigologiese toestand.
Simptome **(4)**	Weiering om genoeg te eet om hul liggaamsgewig te behou vir hul ouderdom en lengte. Geheimhouding/ ontkenning/sosiale onttrekking. Intense vrees om gewig op te tel. Liggaamsbeeldvervorming/lae selfbeeld. Amenorree (menstruasie stop en kan jare lank nie terugkeer nie); dit kan lei tot osteoporose en onvrugbaarheid/ongereelde menstruasie. Droë vel en bros, droë hare op hul wange, agterkant van die nek, arms en bene. Koue voete en hande/lae liggaamshitte/blouerige velkleur/ swak sirkulasie. Hardlywigheid. Dehidrasie Lighoofdigheid/flouvallery. Uitputting/swakheid/moegheid Lae bloeddruk Insomnie/slapeloosheid Depressie Ongereelde hartklop/hart palpitasies	Die vrees om vet te word, word beïnvloed deur 'n verwronge beeld van hul vorm en grootte. Nierprobleme en edeem. Spierswakheid. Hardlywigheid. Hoofpyn weens kalium- en chloriedverlies, wat deur braking veroorsaak word. Seer keel. Geswelde speekselkliere. Uitputting/swakheid/moegheid. Tandheelkundige probleme. Slegte asem. Depressie. Vomering/purgering. Eelte op kneukels. Bros hare/naels. Lighoofdigheid/flouvallery. Ongereelde menstruasie. Geheimhouding en ontkenning.
Bestuur **(2)**	Herwin gesonde gewig. Hou by die behandelingsplan. Identifiseer situasies wat slegte eetgewoontes veroorsaak. Sluit aan by 'n ondersteuningsgroep wat rolspelers soos ouers en vriende kan insluit (portuur). Handhaaf 'n gesonde liggaamsgewig en kry inligting oor gesonde voeding. Psigoterapie/terapie. Medikasie soos antidepressante. Hospitalisasie.	

IEB Copyright © 2020

VRAAG 6

6.1 *Identifiseer die wanvoeding-verwante toestande waaraan Lebo en Michaela ly.*

Lebo – kwasjiorkor
Michaela – marasmus

6.2 *Gee die hoofoorsaak/hoofoorsake van elk van hierdie toestande.*

Kwasjiorkor – proteïentekort
Marasmus – proteïen-/voldoende energie/kilojoule tekort

6.3 *Gee die ouers raad oor hoe om hierdie toestande te bestuur en te voorkom.*

Bestuur:

- Behandel simptome soos diarree dadelik of kry hulp/kinders moet gehidreer bly.
- Alhoewel kwasjiorkor 'n toestand is wat verwant is aan wanvoeding, sal die blote voeding van 'n kind nie al die simptome en gevolge van die toestand regstel nie.
- As 'n kind lank sonder voldoende proteïene en voedingstowwe moes klaarkom, kan dit 'n skok vir hul gestel wees as hierdie voedingstowwe nie versigtig by die dieet gevoeg word nie. Dit kan 'n week of langer neem vir 'n kind om aan hierdie voedselsoorte gewoond te raak/klein gereelde maaltye.
- Baie kinders met kwasjiorkor ontwikkel ook laktose-onverdraagsaamheid. As gevolg hiervan moet hulle moontlik melkprodukte vermy of ensieme neem sodat hul liggame melk kan verteer.
- Daarbenewens, as die toestand van 'n kind so gevorderd is dat hulle met 'n lae bloeddruk en 'n hoë hartklop in 'n skoktoestand verkeer, moet hulle moontlik medikasie neem om hul bloeddruk te ondersteun.
- Sluit volledige proteïne in (alle noodsaaklike aminosure) in plaas van onvolledige proteïne of ouers kan na proteïenaanvulling kyk.

Voorkoming:

- Sorg dat hulle nie enige anders gesondheidstoestand het wat dit moeilik maak om voedingstowwe korrek op te neem of te verwerk nie.
- Ouers moet opgevoed word oor voeding en die belang daarvan om volledige proteïenbronne in 'n kleuter se dieet in te sluit.
- Sorg dat hulle nie die verkeerde voedingstowwe inneem of te veel van die een en nie genoeg van die ander verbruik nie.
- Sorg dat hierdie kinders genoeg voedingsdigte kos eet.

IEB Copyright © 2020

VRAAG 7

Onderskei tussen funksionele en nutraseutiese voedsels en gee twee voorbeelde van een van hierdie voedsels.

Funksionele voedsel

Voedsel- en voedselkomponente wat meer voordele bied as net normale basiese voeding.
Hierdie voedsel voorsien noodsaaklike voedingstowwe vir normale groei, herstel en onderhoud, maar dit bevat ook biologies-aktiewe komponente.
Daar word beweer dat hierdie kosse gesondheid of welstand verbeter.
Komponente behalwe tradisionele vitamiene en minerale word ingesluit, soos fito-voedingstowwe of bioaktiewe stowwe.
Funksionele voedsel is voedsel wat, bo en behalwe die voedingswaarde, 'n bestanddeel met gesondheidsbevorderende eienskappe het.

Nutraseutiese voedsel

Voedsel of voedingstowwe wat blykbaar genesende eienskappe het.
Kos word as medikasie gebruik. Hierdie voedselbronne bevat bykomende gesondheidsvoordele.
Algemene welstand, die beheer van simptome en die voorkoming van kwaadaardige prosesse word bevorder deur nie-spesifieke biologiese terapieë.
Nutraseutiese voedingsmiddels is voedsel wat gebruik word vir hul gesondheids-bevorderende, siektevoorkomende en medisinale eienskappe. Hierdie voedsel bevat en het bygevoegde natuurlike bioaktiewe verbindings. Voedsel kan verryk word om spesifieke gesondheidstoestande te behandel.
Funksionele voedsel kan as nutraseutiese voedingstowwe gebruik word.

Voorbeelde
probiotiese jogurt/kefir/sauerkraut/tempeh/kimchi/kombucha
tamaties
frambose
krulkool
broccoli
gefortifiseer – kalsium-gefortifiseerde lemoensap (beengesondheid)
verryk/verbeter – folaatverrykte brood (behoorlike fetale ontwikkeling)
babakos
hipoallergeniese voedsel soos glutienvrye voedsel, laktosevrye voedsel
gewigsverliesvoedsel
piesangs
donker sjokolade
amandels
dun been sop
future life ontbytgraan
avokado
gemmer

IEB Copyright © 2020

VRAAG 8

Bespreek hoe organiese voedsel tot suksesvolle volhoubare boerdery kan bydra.

Vir 'n plaas om volhoubaar te wees, moet voedsel gekweek word sonder om die natuurlike hulpbronne uit te put. Die voedingstowwe wat uit die grond geneem word, moet met behulp van natuurlike metodes vervang word. Vir voedsel om as organies gesertifiseer te word, moet grond natuurlik gevoed word deur goeie, natuurlike kompos saam met mis te gebruik. Dit sal die hoeveelheid kweekhuis-gasse wat vrygestel word, verminder, aangesien hierdie goed verboude landerye dit sal behou wat sal lei tot 'n gesonder omgewing. Hierdie gesonde grond sal beter weerstand teen plae en siektes bied wat sal veroorsaak dat minder onkruiddoders en plaagdoders benodig word en daardeur 'n gesonder omgewing verseker. Gewasrotasie, die plant van 'n ander gewas op 'n bepaalde stuk grond met elke groeiseisoen, word benodig in organiese gewasproduksie omdat dit so 'n bruikbare manier is om grond siektes, insek peste en probleme met onkruid te voorkom en vir die bou van gesonde grond. As hierdie doeltreffende gebruik van hulpbronne geïmplementeer word, sal dit lei tot natuurlike beheermaatreëls en biosiklusse wat van volhoubare boerdery verwag word. Verder, organiese kos is antibiotika vry. Antibiotika weerstandigheid is 'n werklike gesondheidkommer omdat die antibiotika-weerstandige bakterie wat hiermee geassosieer word patogenies vir mense kan wees, maklik oordraagbaar na mense via die voedselketting en wyd in die omgewing versprei is deur diere afskot wat toekomstige generasies in die gedrang bring. Organiese voedsel word teen baie hoër pryse verkoop as voedsel wat tradisioneel verbou word. Die kweek van organiese voedsel kan gevolglik lei tot 'n winsgewende onderneming wat ekonomiese billikheid vir hierdie produsente verseker. Dit sal lei tot ekonomiese volhoubaarheid en volhoubare boerderye moet ekonomies lewensvatbaar wees. Aangesien organiese voedsel 'n arbeidsintensiewe landboupraktyk is, sal werk geskep word en sosiale volhoubaarheid tot gevolg hê. Omdat organiese voedsel verbou of grootgemaak word sonder die gebruik van chemiese plaagdoders, onkruiddoders, kunsmisstowwe of GGO's, is voedsel natuurlik, wat die gesondheidsrisiko verlaag (bv. kanker, wat met chemikalieë verbind word) en sodoende bydra tot omgewings- en ekonomiese volhoubaarheid.

IEB Copyright © 2020

AFDELING B KLEDING

VRAAG 9

9.1 B

9.2 C D (enige volgorde)

9.3 A C D (enige volgorde)

9.4 C

VRAAG 10

10.1 C

10.2 A

10.3 F

10.4 E

VRAAG 11

11.1 *Identifiseer die vier redes hoekom modes verander en gee twee voorbeelde van elk.*

Ekonomiese faktore	Resessie Depressie Inflasie Rykdom Armoede
Sosiale faktore	Bekende persoonlikhede/invloedryke mense Verskillende marksegmente (ouderdom/gestremdhede/ etniese of godsdienstige groep) Geografiese segmente (stad teenoor landelik) Hoër opvoedingsvlakke Kruiskulturele kontak Kulturele feeste Huidige gebeure Leefstylinvloede/handelsmerke Covid-19 Seisoene
Tegnologiese faktore	Die ontwikkeling van sintetiese vesels Nuwe afwerkingsprosesse Verbetering van materiaaleienskappe Nuwe vervaardigingsmetodes Massamedia/kommunikasie Bemarking/advertering Verbeterde verspreidingsmetodes/reis Covid-19

IEB Copyright © 2020

Politieke en regs-faktore	Wetgewing/Wette/Regeringsregulasies Handelsbetrekkinge tussen lande Demografie Politieke figure Covid-19

11.2 *Noem vyf voordele van korporatiewe kleredrag.*

- Personeellede kan maklik geïdentifiseer word.
- Gevoel van tuishoort.
- Versterk die maatskappy se beeld – voeg waarde by.
- Dit kan die verkope laat toeneem en daarom die maatskappy se moraal 'n hupstoot gee.
- Dit kan produktiwiteit laat toeneem.
- Gee professionalisme en spanwerk 'n hupstoot.
- Personeellede kan items meng en pas (individualiteit).
- Toenemende handelsmerkbewustheid.
- Daar is minder spanning oor wat jy moet aantrek werk toe/spaar tyd.
- Dit kan goedkoper wees as om werksklere te koop/spaar geld.
- 'n Standaardvoorkoms word geskep/konformiteit.
- Dit weerspieël die beeld of identiteit van die maatskappy.

11.3 *Bespreek die belangrikheid van eerste indrukke tydens 'n werksonderhoud.*

Eerste indrukke kan 'n blywende invloed hê op mense se gevoel teenoor jou as werknemer, dus is die eerste 30 sekondes tot 4 minute van 'n onderhoud waarskynlik die belangrikste. As jy 'n goeie eerste indruk maak, sal jy wys dat jy vertroue het in jou eie vermoëns. Om seker te maak dat jy oordeelkundig en professioneel geklee is, is die eerste stap om jou eerste indruk te laat geld en jou onderhoudvoerder se guns te wen. 'n Swak indruk kan selde reggestel word. As jy 'n goeie eerste indruk wil skep, moet jy tyd neem om 'n voorkoms te vervolmaak (insluitende klere, persoonlike higiëne, lyftaal en gesigsuitdrukking); wees seker van die beeld wat jy wil projekteer – dit sal afhang van die mark waarin jy beweeg. Kies deftige klere wat jou liggaamsvorm sal vlei, en trek aan vir werk eerder as vir ontspanning; oorweeg bykomstighede en jou persoonlike versorging, sowel as die uitrusting wat jy sal dra. Mededinging in die sakewêreld is fel; 'n goeie eerste indruk is noodsaaklik, en dit kan die verskil maak tussen jou potensiële baas beïndruk of om oorgesien te word. Die verbetering van jou persoonlike beeld is 'n eenvoudige manier om 'n potensiële eerste mening van jou werkgewer oor jou te versterk, en dit kan jou betroubaarheid en bekwaamheid op jou gebied versterk. Dus sal iemand wat gepas en oordeelkundig vir 'n onderhoud geklee is, die indruk skep dat hy/sy selfversekerd is, bereid is om te leer en gereed is om goeie werk te doen. Daarenteen, as jy by 'n onderhoud opdaag en nie gepas geklee nie, kan dit tyd neem voordat jou kollegas en baas jou potensiaal en vermoë besef.

IEB Copyright © 2020

11.4 *Gee 'n voorbeeld van 'n uitrusting wat 'n positiewe eerste indruk sal skep tydens 'n werksonderhoud as dokter by 'n privaathospitaal.*

Vroue	Mans
Romp of langbroek in neutrale kleur Wit bloes/top Baadjie wat by die onderste helfte pas Swart rok 'n Paar netjiese skoene Minimale bykomstighede **(Enige geskikte uitrusting vir 'n onderhoud)**	Broek in 'n neutrale kleur Wit hemp Baadjie Netjiese skoene Das/gordel **(Enige geskikte uitrusting vir 'n onderhoud)**

11.5 *Identifiseer en bespreek die stappe wat gevolg moet word vir suksesvolle basiese klerekas te beplan.*

Bepaal jou behoeftes	Beplan jou klerekas volgens jou leefstyl. Verskillende fasette van jou lewe sal verskillende soorte klere vereis.
Evalueer jou bestaande klerekas	Bepaal wat jy in jou klerekas het en wat jy gereeld dra. Neem jou loopbaanplanne, persoonlikheid en lewenstyl in ag om vas te stel wat jy wil hou. Raak ontslae van klere wat jy nie meer dra nie.
Ondersoek jou beskikbare bronne	Klere is duur en modes verander elke seisoen. Jou begroting sal bepaal watter klere jy kan koop.
Maak 'n lys van items wat jou bestaande klerekas sal aanvul/ evaluering	Vergelyk jou werksklere met 'n basiese werksklerekas. Maak 'n lys van die klereitems wat jy benodig om 'n basiese werksklerekas te voltooi. Neem in ag hoe jy items kan meng en pas. Dit sal help om onnodige aankope te voorkom.

IEB Copyright © 2020

11.6 *Kies een van die klerekaste (A of B) en ontleed die geskiktheid daarvan vir 'n Graad 4-onderwyser. Sy/haar posbeskrywing sluit die onderrig van Liggaamlike Opvoeding (LO) in.*

Klerekas A:

- Hierdie onderwyseres het geen sportklere in haar huidige klerekas nie.
- Haar skoene werk vir vergaderings of ander formele geleenthede by die skool, maar sal nie werk as sy enige fisieke aktiwiteite moet doen nie. Sy het sportskoene (sneakers/tekkies) nodig om saam met die kinders te kan hardloop.
- 'n Sweetpak vir wintersportklasse word benodig.
- T-hemde en sportbroeke moet vir verskillende aktiwiteite by haar klerekas gevoeg word.
- As die skool 'n swembad het, benodig sy swemdrag.
- Die denimkortbroek is onvanpas vir 'n onderwyseres en moet eerder vervang word deur 'n kortbroek wat meer geskik is vir fisieke aktiwiteite.
- Die klerekas is geskik vir gewone skooldag-aktiwiteite.
- Kandidate mag items uit die gekose klerekas kies en ontleed of dit geskik is of nie. (Maksimum van twee 2 punte as items slegs gelys word.)

Klerekas B:

- Hierdie onderwyser het geen sportklere in sy huidige klerekas nie.
- Sy skoene is geskik vir sy werk as graad 4-onderwyser, aangesien hy die sportskoene (sneakers/tekkies) vir lesse en die formele skoene vir vergaderings en formele geleenthede kan dra.
- Hy het 'n informele baadjie vir kouer dae, maar sal baat by 'n sweetpak in sy klerekas.
- Hy benodig ook T-hemde en kortbroeke in sy klerekas vir daaglikse lesse in liggaamlike opvoeding.
- Klerekas sluit nie enige sokkies in wat nie geskik is vir liggaamlike opvoeding onderwysers is nie.
- Tassie/sak toepaslik vir 'n liggaamlike opvoeding onderwyser om persoonlike eiendom in te dra.
- Indien die skool 'n swembad het, benodig hy swemklere.
- Hemde, baadjies, jeans en chinos is geskik vir vergaderings en daaglikse klasaktiwiteite.
- 'n Pak klere kan gedra word tydens prysuitdelings en by formele geleenthede.
- Kandidate mag items uit die gekose klerekas kies en ontleed of dit geskik is of nie. (Maksimum van twee 2 punte as items slegs gelys word.)

IEB Copyright © 2020

AFDELING C BEHUISING EN INTERIEUR EN VERBRUIKERVERWANTE KWESSIES

VRAAG 12

12.1 A D F (enige volgorde)

12.2 D

12.3 C D E (enige volgorde)

VRAAG 13

13.1 G

13.2 I

13.3 H

13.4 B

13.5 C

13.6 E

13.7 K

13.8 F

13.9 D

13.10 A

VRAAG 14

14.1 *Onderskei tussen vol -en deeltitel behuisingseienaarskapopsies en gee twee voorbeelde van elk. Tabuleer jou antwoord.*

Voltitel-eienaarskap	Deeltitel-eienaarskap
Die persoon wat die eiendom koop, word die wettige eienaar van die hele eiendom, wat die grond en strukture daarop insluit.	Die koper word die wettige eienaar van 'n deel (eenheid) van die behuisings-kompleks. Die eenhede behoort aan die individuele huiseienaars, maar gemeenskaplike areas word gesamentlik besit.
Voorbeeld: Vrystaande/enkel/ residensiële huise (enkel wonings) Trosbehuising met privaat tuin Leë erf Leë erf in 'n sekuriteits-kompleks Hoewes Plase	Voorbeeld: Woonstelle/kondominium Meenthuise Simpleks Gestapelde simpleks Dupleks Duethuise Kantoor as deel van kantoorgebou

14.2 *Noem twee voordele daarvan om 'n voltitel-eiendom te besit.*

- Strukturele veranderings kan aan die buitekant van die gebou aangebring word, onderhewig aan goedkeuring deur die plaaslike munisipaliteit.
- Rustiger en privater as deeltitel, want daar is gewoonlik 'n tuin.
- Bestuur eie besigheid of verhuur 'n kamer in huis om 'n inkomste te genereer.
- Dit is 'n goeie belegging of bate.
- Erflating in testament.
- Gebruik as sekuriteit vir 'n lening.
- Kan verkoop word om wins te maak wanneer die mark gunstig is.

14.3 *Verduidelik die verband tussen inflasie, rentekoers en 'n huislening.*

Inflasie beteken dat die prys van goedere (huise) en dienste styg en dat jou geld minder koopkrag het. 'n Rentekoers is die aantal rente wat per tydperk verskuldig is, as 'n gedeelte van die geleende bedrag, gedeponeer of geleen (die hoofsom genoem). Dus, ons betaal rente wanneer ons van 'n kredietfasiliteit gebruik maak, in hierdie geval 'n huislening waar die aansoeker van die huislening geld by die bank leen om die eiendom te koop, omdat hulle nie genoeg kontant beskikbaar het nie. Dit beteken dat 'n verhoging in inflasiekoers 'n direkte invloed sal hê op die soort huis waarin die persoon belangstel, aangesien hulle 'n huislening sal moet aanvra, wat beteken dat hulle die rentekoers in ag sal moet neem om te verseker dat hulle die maandelikse terugbetalings kan bekostig. Inflasie het 'n direkte invloed op die rentekoers, aangesien rentekoerse sal styg, en as die koper nie vir 'n vaste rentekoers onderhandel het nie, sal hul maandelikse terugbetalings styg. Stygende inflasie lei tot 'n afname in koopkrag. Omdat hoër rentekoerse hoër leenkoste beteken, sal mense uiteindelik minder begin spandeer. Die aanvraag na goedere en dienste sal dan verminder, wat dan veroorsaak dat inflasie val. huislening terugbetalings sal beïnvloed word deur die toename van inflasie en rentekoers, dus kan mense moontlik hulle huise verloor.

14.4 *Bespreek die kontraktuele verantwoordelikhede wanneer 'n eiendom gehuur word.*

'n Huurkontrak hoef nie geskrewe te wees nie, maar dit is raadsaam dat dit gedoen word en onderteken word deur sowel die eienaar (verhuurder) as die huurder onderteken word. 'n Huurkontrak is 'n kontrak waarin die voorwaardes van die huurooreenkoms, sowel as die regte en verantwoordelikhede van albei partye uiteengesit word. Die huurder en eienaar moet ten alle tye aan die huurvoorwaardes voldoen. As enige party nie die bepalings van die kontrak nakom nie, is dit kontrakbreuk en dit kan regsimplikasies hê.

Die huurkontrak kan onder andere die volgende bevat: inligting oor die eiendom verhuur, deposito en rente, huurgeld en wanneer betaling gemaak moet word, inspeksies, verpligtinge soos wie is verantwoordelik vir die betaling van water en elektrisiteit, die terugbetaling van die deposito en die kansellasiebeleid.

IEB Copyright © 2020

Die huurder se verantwoordelikhede
Die huurder is volgens wet verplig om:
Die huurgeld te betaal;
Goed na die verhuurde eiendom te sorg;
Die eiendom aan die verhuurder terug besorg in dieselfde toestand as waarin dit was wanneer die kontrak uithardloop; en
Die eiendom vooraf en agterna saam met die huurder ondersoek.

VRAAG 15

15.1 *Som die kriteria op wat belangrik is wanneer energie-doeltreffende huishoudelike toestelle gekoop moet word.*

- Koop toestelle met energiedoeltreffende etikettering om te verseker die mees energiedoeltreffende toestel word gekoop.
- Klas A+ = uitstekend, Klas A–C = goed, Klas D = gemiddeld en Klas E–G = swak. Toestelle met 'n A-gradering is dus uiters doeltreffend, terwyl 'n G-gradering die minste doeltreffend is en baie energie verbruik.
- Vergelyk die energiedoeltreffendheidsgradering van toestelle voordat jy 'n keuse maak.
- Koop toestelle met ekonomiese siklusse. Hierdie siklusse is kort siklusse wat spesifiek op energiebesparing gerig is. Goedkoper modelle is gewoonlik nie energiedoeltreffend nie en sal gevolglik op die lang duur meer kos.
- Voorlaaierwasmasjiene is ook meer energiedoeltreffende as bolaaiwasmasjiene.
- Wasmasjiene met 'n outomatiese koue spoeling siklus spaar elektrisiteit.

15.2 *Voorspel die moontlike impak op die omgewing as verbruikers nie energie-doeltreffendheid in ag neem wanneer hulle huishoudelike toestelle koop nie.*

Omgewingsimpak vind plaas wanneer toestelle gebruik word; daarom moet verbruikers seker maak dat hulle die energiedoeltreffendste toestelle koop. Toestelle met 'n A-klas-gradering is die doeltreffendste en daarom moet verbruikers dit koop om energie te bespaar, besoedeling te verminder en natuurlike hulpbronne te bewaar.
Deur nie energiedoeltreffendheid in ag te neem nie, word energieverbruik verhoog wat bydra tot besoedeling in die omgewing en, op groter skaal, tot kweekhuisgasse. Die aankoop van toestelle sonder nadenke sal nie volhoubaar wees of die omgewing vir toekomstige geslagte beskerm nie. Huishoudelike toestelle kan tydens vervaardiging, gedurende gebruik, en nadat daarvan ontslae geraak is, 'n impak op die omgewing hê. As jy steenkool en ander fossielbrandstowwe verbrand om elektrisiteit op te wek, veroorsaak dit lugbesoedeling. Die koolstofdioksied wat vrygestel word, dra by tot die kweekhuiseffek, aardverwarming en klimaatsverandering.
Water is ook 'n waardevolle kommoditeit, gebruik dus toestelle met die beste waterverbruik.
Vermindering van nie-hernubare hulpbronne soos steenkool.

IEB Copyright © 2020

VRAAG 16

16.1 *Verduidelik die volgende oordragkoste wanneer jy 'n eiendom koop.*

16.1.1 *Hereregte*

Dit is belasting wat deur die Ontvanger van Inkomste namens die regering ingevorder word. Die belasting word aan die SAID betaal elke keer as 'n eiendom van eienaar verwissel. Dit is belasting aan die staat wanneer die eienaarskap van die eiendom aan die koper oorgedra word.

16.1.2 *Oordragskoste*

Gelde betaal aan transportbesorger (prokureur) / aktevervaardiger vir die opstel van dokumente wat benodig word om die eiendom in die naam van die koper oor te dra.

16.1.3 *Aktekantoorfooi*

Hierdie fooie word deur die aktekantoor gehef vir die registrasie van die verbandlening/lening en die titelakte.

16.2 *Motiveer die belangrike rol wat 'n eiendomsagent speel wanneer jy 'n huis/eiendom koop.*

- Die eiendomsagent verskaf inligting oor skole, mediese fasiliteite, winkels, geriewe, misdaadvlakke en die aard van die eiendomsmark in die gemeenskap.
- Die eiendomsagent sal raad gee oor die billike markwaarde van die eiendom.
- Sal die koper help om 'n geskikte eiendom te vind vir sy/haar behoeftes en finansiële hulpbronne.
- Die eiendomsagent sal die koper bystaan met dokumente wat benodig word vir die aankoop, soos die 'koopaanbod'.
- Die eiendomsagent sal oor die prys van die eiendom onderhandel.
- Die eiendomsagent sal die koper kan help met sy/haar aansoek om 'n huislening.
- Die eiendomsagent sal alle feite van die eiendom bekend maak, insluitende enige gebreke waarvan hy/sy bewus is.
- Die eiendomsagent sal sorg dat alle geld wat inkom, gefaktureer en in die regte rekeninge inbetaal word.

Die eiendomsagent speel dus 'n baie belangrike rol by die aankoop van 'n huis/eiendom, aangesien hulle raadgee en die hele koopproses koördineer en bestuur.

IEB Copyright © 2020

16.3 *Analiseer krities hoe die rol van die eiendomsagent verander het as gevolg van sosiale media.*

Sosiale media het mense van regoor die wêreld met mekaar verbind. Enige persoon kan direk met die eienaar in verbinding tree en die eiendomsagent mag dalk die kommissie verloor. Virtuele toere/foto's deur 'n huis is beskikbaar, dus hoef die koper nie fisies deur die eiendomsagent na 'n huis geneem te word nie. Potensiële kopers kan hul eie navorsing doen en verskillende huise in verskillende prysklasse vergelyk. Dit maak dit maklik vir mense uit verskillende lande om huise enige plek in die wêreld te koop sonder om 'n eiendomsagent te gebruik.
Eiendomsagente sal ook baat by sosiale media, aangesien kopers nou hul eie navorsing kan doen en nie tyd sal mors nie omdat hulle hul behuisings-behoeftes ken.
Eiendomsagente kan sosiale media gebruik om nuut-gelyste eiendomme en vertoonhuise te adverteer, en dit kan hul verkope opstoot.
Swak diens van 'n eiendomsagent kan op sosiale media gedeel word, en dit sal verseker dat hulle die beste diens aan hul kliënte lewer.
Die data van sosiale media kan verkry word deur eiendomsagente.

IEB Copyright © 2020

AFDELING D UITGEBREIDE SKRYFWERK

Bestee ongeveer 40 minute aan hierdie afdeling.

VRAAG 17

Volhoubare styl: 'n Nuwe kitsmodel-formule

Stylvolle, bekostigbare klere was 'n treffer by kopers. Nou poog maatskappye om hul sosiale en omgewingskostes te verminder.

Kitsmodes is die term wat gebruik word om kledingontwerpe te beskryf wat vinnig van die loopplank na winkels beweeg om aan nuwe neigings te voldoen. Die versamelings is dikwels gebaseer op ontwerpe wat tydens Modeweek-geleenthede aangebied word. Met kitsmodes kan hoofstroomverbruikers nuwerwetse klere teen 'n bekostigbare prys koop.

Kitsmodes het alledaags geword as gevolg van goedkoper klere, 'n toename in die vraag na modieuse klere en verbruikers se sterker koopkrag. As gevolg hiervan is kitsmodes 'n uitdaging vir nuwe modelyne wat seisoenaal deur tradisionele modehuise bekendgestel word. Trouens, dit is nie ongewoon dat kitsmode-kleinhandelaars nuwe produkte verskeie kere in een week bekendstel om tred te hou nie.

Die vroeë 21ste eeu was goed vir die klerebedryf. Danksy dalende koste, vaartbelynde bedrywighede en stygende verbruiksbesteding het klereproduksie die afgelope dekade drasties gegroei en die aantal kledingstukke wat elke jaar deur die gemiddelde verbruiker aangekoop word, het van jaar tot jaar aansienlik gestyg. Kitsmodes is 'n baie gewilde segment en 'n bron van benydenswaardige groei vir sommige klereondernemings. Deur die produksiesiklusse te verkort en die nuutste ontwerpe te vervaardig, het hierdie maatskappye kopers in staat gestel om nie net hul klerekaste uit te brei nie, maar ook om dit vinnig te hernu. In byna elke klerekategorie hou verbruikers klere-items ongeveer die helfte so lank as wat hulle 15 jaar gelede gedoen het. Volgens sommige ramings hanteer verbruikers die goedkoper kledingstukke amper as weggooibare items en raak daarvan ontslae na slegs sewe of agt keer se dra.



[Aangepas van: REMY, N., E. SPEELMAN en R. SWARTZ. (2016). Style that's sustainable: A new fast-fashion formula. Beskikbaar by: <www.mckinsey.com/business-functions/sustainability/our-insights/style-that's sustainable-a-new-fast-fashion-formula> Verkry Januarie 2020]

Gebruik die bogenoemde artikel sowel as jou eie kennis, en bespreek die impak van kitsmodes op die omgewing en plaaslike ekonomieë, en formuleer strategieë om die impak te verminder.

Bestudeer die rubriek as riglyn vir jou antwoorde.

IEB Copyright © 2020

Kriteria	Prestasie-aanwysers				
Die impak van kitsmodes op die omgewing en plaaslike ekonomieë.	**6 punte**	**4-5 punte**	**2–3 punte**	**1 punt**	**0 punte**
	Antwoorde toon 'n deeglike begrip van die impak van kitsmodes op die omgewing **EN** die plaaslike ekonomie. Geen feitefoute nie.	Antwoorde toon 'n goeie begrip van die impak van kitsmodes op die omgewing **EN** die plaaslike ekonomie. Geringe feitefoute.	Antwoorde toon 'n begrip van die impak van kitsmodes op die omgewing **OF** op plaaslike ekonomieë. Sekere belangrike inligting ontbreek/foutief in die een of die ander opsig.	Antwoorde toon 'n swak begrip van die impak van kitsmodes op die omgewing **EN** die plaaslike ekonomie. Party belangrike inligting ontbreek/is foutief.	Antwoorde toon 'n swak of geen begrip van die impak van kitsmodes op sowel die omgewing as die plaaslike ekonomie.
Strategieë om die impak van kitsmodes op die omgewing en plaaslike ekonomieë te verminder.	**6 punte**	**4-5 punte**	**2–3 punte**	**1 punt**	**0 punte**
	Reaksie bied minstens vyf effektiewe en duidelike strategieë om die impak van kitsmodes op die omgewing **EN** die plaaslike ekonomie te verminder.	Reaksie bied minstens 4 strategieë om die impak van kitsmodes op die omgewing **EN** die plaaslike ekonomie te verminder. Soms 'n gebrek aan toepaslikheid, duidelikheid of detail.	Reaksie bied minstens 3 strategieë om die impak van kitsmodes te verminder, maar dit is gebrekkig in doeltreffendheid en duidelikheid met betrekking tot die omgewing en/of plaaslike ekonomieë.	Reaksie poog om strategieë te verskaf om die impak van kitsmodes te verminder, maar is hoofsaaklik onvanpas of vaag met betrekking tot die omgewing en/of plaaslike ekonomieë.	Reaksie bied geen strategieë wat effektief sou wees nie.
Gebruik van inligting			**2 punte**	**1 punt**	**0 punte**
			Inligting in die artikel is goed met eie kennis geïntegreer.	Daar is gepoog om die inligting in die artikel met eie kennis te integreer.	Inligting in die artikel is nie gebruik nie.
Kwaliteit van die bespreking	**4 punte**	**3 punte**	**2 punte**	**1 punt**	**0 punte**
	Bespreking is duidelik en bondig. Vloei is logies. Fokus word deurentyd gehandhaaf. Die gebruik van terminologie is akkuraat.	Die bespreking is meestal duidelik, die vloei logies, die fokus word gehandhaaf en die gebruik van terminologie is akkuraat. Daar is geringe leemtes.	Daar is 'n paar foute met betrekking tot duidelikheid, redenering, fokus en terminologie wat die kwaliteit van die bespreking beïnvloed.	Bespreking is dikwels vaag, sonder samehang, sukkelend of herhalend. Terminologie wat gebruik word, is dikwels foutief.	Die bespreking is betekenisloos.
Aanbieding			**2 punte**	**1 punt**	**0 punte**
			Antwoorde is georganiseerd met goed gekonstrueerde paragrawe, 'n toepaslike inleiding en duidelike gevolgtrekking. Taal en toon is toepaslik. Geringe gebreke kom voor.	Reaksie is georganiseerd, maar in verskeie opsigte gebrekkig.	Reaksie is gebrekkig in alle of byna alle aspekte van aanbieding.

IEB Copyright © 2020

Die opstel word holisties nagesien deur die IEB se brongebaseerde opstelrubriek met die volgende riglyne te gebruik.

Impak van kitsmodes op die omgewing en plaaslike ekonomieë:

Omgewing – moontlike invloede:
85% van alle tekstiel beland jaarliks op die vullishoop. As jy sekere soorte klere was, beland daar duisende stukkies plastiek in die see. Volgens sekere beramings is die klerebedryf die tweede grootste besoedelaar naas die oliebedryf. Tussen die koolstofvrystellings as gevolg van die vervaardiging van soveel klere en die besoedeling van kleurstowwe en chemikalieë wat vir sintetiese materiaal gebruik word, is kitsmodes allesbehalwe groen.

Die omgewingsimpak van hierdie gedrag is beduidend:
- Die klere- en tekstielbedryf wis nie-hernubare hulpbronne uit, stel groot hoeveelhede kweekhuisgasse vry en gebruik enorme hoeveelhede energie, chemikalieë en water.
- Fabrieke stort giftige afvalwater na willekeur in riviere en pomp miljoene tonne kweekhuisgasse uit net om klere te maak wat op stortingsterreine en in oseane beland of in ons atmosfeer verbrand word.
- Dit stel groot hoeveelhede kweekhuisgasse vry wat bydra tot aardverwarming en klimaatsverandering wat 'n impak op alle lewe (plante, diere, mense) het. Relevante voorbeelde word hier aanvaar.
- Dit gebruik enorme hoeveelhede energie, chemikalieë en water. Die afvalwater wat uit fabrieke vrygelaat word, vloei in ons waterweë in en sypel in ons landboustelsels in, wat 'n ernstige bedreiging vir die waterlewe inhou.
- Sintetiese vesels soos poliëster, nylon en akriel, wat dikwels deur kitsmode-handelsmerke verkies word, neem eeue om te biodegradeer en dit neem plek op stortingsterreine.
- 'n Enkele sintetiese kledingstuk kan meer as 1900 mikroplastiekvesels in een wasmasjiensiklus genereer. Klein organismes, soos plankton, eet die mikrovesels, wat dan deur die voedselketting na visse en skulpvis gaan wat deur mense geëet word.
- Katoen is een van die mees water-afhanklike en plaagdoder-afhanklike gewasse vandag en dit is ook een van mees wyd gebruikte tekstielmateriale. Dit beteken dat maatskappye ook waterhulpbronne oorgebruik om katoen te groei om in kledingproduksie te gebruik. Op sy beurt moedig die aanvraag na katoen die gebruik van plaagdoders, wat die grondwater en ander waterbronne besoedel.
- Kitsmodes dra by tot besoedeling, swak vakmanskap en swak werksomstandighede in ontwikkelende lande, waar baie van die klere vervaardig word.
- Die vervaardiging van kitsmodes gebruik 8 000 verskillende sintetiese chemikalieë, waarvan baie blykbaar kanker en ander siektes by mense veroorsaak. Hierdie giftige chemikalieë word in kleurstowwe aangetref wat klere kleur, in die korroderende afwerkings- en bindmiddels, en in die sintetiese tekstiele self en beland dikwels in riviere en oseane.

Plaaslike ekonomieë:
- Die klere word oorsee vervaardig wat bydra tot 'n afname in plaaslike vervaardiging, en wat werksverliese tot gevolg het.
- Die klere word goedkoop vervaardig in 'n styl wat baie vinnig sal verander. Die goedkoper klere en die onmiddellike beskikbaarheid van krediet lei tot meer skuld, wat lei tot lae kredietwaardigheid en die moontlikheid om geswartlys te word.
- Nywerhede stel groot hoeveelhede kweekhuisgasse vry wat bydra tot aardverwarming en klimaatsverandering en wat besighede wat voedsel en tekstiel vervaardig, direk en indirek raak. Toepaslike voorbeelde word hier aanvaar.

IEB Copyright © 2020

- Deur groot hoeveelhede van kleding vir goedkoop pryse, van goedkoop materiale gemaak, te verkoop, kan armer gemeenskappe bekostig om meer modieuse klere te koop. Plaaslike ekonomieë sal van hierdie toename in verkope voordeel trek en meer werksgeleenthede sal beskikbaar wees.
- Onwettige invoere – geen invoerbelasting nie – beïnvloed plaaslike ekonomie.

Strategieë – moontlike antwoorde:

- Herwin of knap jou ou klere op of transformeer dit – 'n deeglike antwoord moet voorbeelde gee of verduidelik wat herwinning, opknapping of kreatiewe hergebruik is.
- Kies kwaliteit bo kwantiteit – vermy goedkoop kledingstukke van sintetiese materiale.
- Ondersteun plaaslike "Trots Suid-Afrikaans"-handelsmerke wat verbind is tot 'n opheffende etos wat sosiale en ekonomiese verandering en vooruitgang bevorder, wat 'n betekenisvolle bydrae tot die opbou van Suid-Afrika se ekonomie lewer, werkloosheid verlig en bestaande werkgeleenthede behou.
- Ondersteun billike handelspraktyke (Fair Trade) wat verseker dat mense onder goeie, veilige omstandighede werk en billik betaal word.
- Neem deel aan uitruilgeleenthede van klere, of huur of ruil ou klere onderling met vriende en familie uit.
- Koop minder en dra meer, byvoorbeeld die meng-en-pas klerekas, en koop klassieke style.
- Koop ongekleurde / natuurlik gekleurde items.
- Lees die etikette – petroleum-gebaseerde sintetiese vesels soos poliëster benodig minder water en grond as katoen, maar dit skei meer kweekhuisgasse per kilogram uit. Maar biogebaseerde sintetiese polimere wat van hernubare gewasse soos mielies en suikerriet vervaardig word, stel "tot 60% minder koolstof vry, deels as gevolg van die gewasse wat koolstofopvangplekke skep". Etikette moet aantoon of klere van herwonne poliëster (rPET) vervaardig is.
- Kies organiese katoen – die verhoging van die produksie van organiese katoen kan die omgewingsimpak van die modebedryf tot 'n minimum beperk, aangesien dit die gebruik van chemiese kunsmisstowwe en plaagdoders en water sal verminder.
- Kies vesels met 'n laer waterverbruik soos hennep en wol.
- Hou jou wasgoed dop – dink twee keer voordat jy iets was wat jy slegs een keer gedra het. Om teen 'n laer temperatuur te was, verbruik minder energie, en deur eenvoudige gewoontes toe te pas, soos om klere binnestebuite om te dop, sal die dravermoë verhoog. Volg sorginstruksies om produklewe te maksimeer.
- Koop klere wat van volhoubare tekstiele soos organiese katoen, hennep, bamboes, ramie en sy vervaardig is.
- Ontwikkel korporatiewe volhoubaarheidstrategieë en handelsbeleide en neem die rol van die verbruiker in ag.
- Beïnvloed die regering om strenger invoerbeleide en wetgewing in te stel deur aktivistiese organisasies, soos die Suid-Afrikaanse Klere- en Tekstiel-werkersunie (SACTWU), om die plaaslike bedryf te laat groei.

Die kandidaat moet minstens vyf impakte verskaf wat die omgewing sowel as plaaslike ekonomieë dek. Om 6 punte te verdien, kan die leerder nie slegs die impak noem nie, bv. die kleding- en tekstielbedryf stel groot hoeveelhede kweekhuisgasse vry, maar moet ook verduidelik wat daardie kweekhuisgasse doen – hulle moet die vraag deeglik beantwoord/ nie net die impak noem nie, bv. wat tot aardverwarming bydra. Voorbeeld: Die kleding- en tekstielbedryf stel groot hoeveelhede kweekhuisgasse vry wat bydra tot aardverwarming. Dit dra by tot klimaatsverandering wat voedselproduksie en die beskikbaarheid van water beïnvloed, habitatte vernietig, ens. En uiteindelik sal die voedsel- en tekstielbedryf soos dit tans is, nie volhoubaar wees nie.

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2020